TUSSENTYDSE RESULTATE
OKTOBER 2022

Herbedink Landbou

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

R6 680 MILJOEN (30,4%)
2022: R5 123 miljoen
Omset

R918 MIILJOEN (39,3%)
2022: R659 miljoen
Kontant uit bedryfsaktiwiteite

R20,6 PER AANDEEL (14,4%)
2022: R18,0 per aandeel
Netto batewaarde

R715 MILJOEN (38,0%)
2022: R518 miljoen
Verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie (EBITDA)

R392 MILJOEN (29,8%)
2022: R302 miljoen
Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moeder-maatskappy

249,4 s/aandeel (34,3%)
2021: 185,7 s/aandeel
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel

DIVIDENDVERKLARING

SENWES
TUSSENTYDSE DIVIDEND PER AANDEEL*:
36 SENT
[2022: 34 SENT]

REKORDDATUM:
13 Januarie 2023

BETALINGSDATUM:
19 Januarie 2023

AGRIBEL BEHEREND
TUSSENTYDSE DIVIDEND PER AANDEEL*:
26 SENT
[2022: 25 SENT]

REKORDDATUM:
13 Januarie 2023

BETALINGSDATUM:
20 Januarie 2023

*Dividendterughou- belasting sal van toepassing wees.
Vir die verhandeling van Senwes en Agribel aandele, besoek **www.senwes.co.za.**

OORSIG EN VOORUITSIGTE

Die groep het bevredigende resultate gelewer vir die interim periode geëindig 31 Oktober 2022. Die periode is gekenmerk deur verskeie faktore wat 'n impak op ons besigheid gehad het, insluitend die voortsetting van goeie landbouproduksie- en kommoditeitspryssiklusse, sowel as bepaalde bedryfs- en makro-ekonomiese uitdagings. Die groep het die beste interim resultate in sy geskiedenis gerealiseer, wat 'n aanduiding is van 'n besigheid wat op gunstige besigheidsiklusse kan reageer.

Marksentiment bly positief weens die goeie vroeë reën wat deur somergraanprodusente ontvang word. 'n Goeie reënvalseisoen sal na verwagting ervaar word.

Senwes verwag om nog 'n robuuste stel finansiële resultate te lewer wat die onderliggende sterkpunte van die sakemodel en die voortgesette uitvoering van sy strategiese teikens weerspieël.

DIREKTEURE: JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Hoof Uitvoerende Beampte)*, SF Booysen (Ondervoorsitter), D Bester (Waarnemende Hoof Finansiele Beampte)*, VJ Klein, NDP Liebenberg, GL Malherbe, JS Marais, JJ Minnaar, JPN Stander, WH van Zyl, JJ Viljoen en AG Waller.
Maatskappysekretaris: EM Joynt.
*Uitvoerend

BESIGHEIDSEGMENTE

FINANSIËLE DIENSTE

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE -% =

2023 R80m
2022 R80m

Die nuweseisoenhektare wat gefinansier word, is 17% laer as die vorige seisoen. Dit is weens die verbeterde kontant-vloeiposisie van die meeste kliënte wat sommige insette, soos kunsmis, met surplus kontant kon koop. Die implementering van die kapitaallallokasiestrategie het ook bygedra tot 'n laer kredietboek, maar 'n hoër opbrengs op kapitaal aangewend.

Die versekeringsafdeling het beter resultate gelewer as in die vorige jaar.

INSETVERSKAFFING

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE 35,3% ▲

2023 R299m
2022 R221m

Positiewe kontantvloei wat deur die Senwes klantebasis ervaar is, het gelei tot voortgesette rekordverkope van toerusting, stabiele marges en 'n toename in die verkope van hoërwaardemasjinerie. Dit is kenmerkend van die voort-slepende supersiklus. Senwes het gedurende die jaar die John Deere Konstruksie- & Bosboureeks bekendgestel en het drie John Deere handelaars in Oos-Duitsland gekoop (operasioneel geherposisioneer as S&L Connect), wat positief tot die resultate van hierdie segment bygedra het. In terme van S&L Connect het die verswakte gemiddelde rand/euro wisselkoers gedurende hierdie tydperk die gekonsolideerde verdienste positief beïnvloed.

Verkope van mediumgrootte masjinerie het verhoog teenoor die vorige jaar, hoofsaaklik weens hoëwaarde seisoenale bestellings wat tydens die ses maande onder oorsig gerealiseer het en wat vroeër vertraag is weens die voortslepende globale ontwrigting van die voorsieningsketting en Rusland se inval in Oekraïne.

MARKTOEGANG

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE 32,7% ▲

2023 R223m
2022 R168m

Laat reën het die oesseisoen met vier weke vertraag, wat gelei het tot minder aantal dae se bergingsinkomste wat ontvang is. Dit is egter teengewerk deur meer graan wat ontvang is in vergelyking met die vorige jaar. Hanterings-inkomste was hoër as die vorige jaar as gevolg van meer tonne en die veranderde samestelling van die kommoditeite wat ontvang is. Inkomste uit die droging van graan het dieselfde tendens gevolg weens die ontvangs van hoër volumes mielies met 'n hoër voginhoud.

VERWERKING, KONDISIONERING EN MARKTE

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE 12,5% ▲

2023 R63m
2022 R56m

Laer volumes kalk is verkoop as gevolg van die nat toestande, wat produsente se vermoë om te oes en om grondmonsters te verwerk, beperk het. Die laer as verwagte rosyntjieverkoopsvolumes is te wyte aan verskepingsuitdagings wat ondervind word as gevolg van die wêreldwye tekort aan skepe en skeepsvraghouers, wat veroorsaak word deur die konflik in die Oekraïne en die prioriteit wat tans aan vars produkte verleen word.

KLK se abattoirs en SA Dorper het beter as die vorige jaar presteer weens hoër gemiddelde verkoopspryse, ondanks die druk op volumes.

Senwes Bpk (Registrasienommer: 1997/005336/06) | Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570 | Tel: 018 464 7800 | Webwerf: www.senwes.co.za